Die Hoërskool Menlopark · Excelsa Petamus · 60 · 1963 | 2023

# menlo-insig

9/2023

## LIEWE MENLO

Daar word gesê dat Moeder Natuur 'n trotse leermeester is, maar haar klaskamer lyk anders as die geboue op Menlo-bodem. In Juffrou Natuur se klaskamer is daar geen dak, presensielys of mure nie. Jy sal nie elke uur 'n klok hoor lui nie en van 'n wisselrooster is daar geen sprake nie. Juffrou Natuur se taal is nie tot die gebruik van woorde beperk nie en sy het ook nie 'n punteboek nie. Haar sterreprag kan nie in 'n museum vasgevang word nie en haar beeldhouwerk sal jy in geen kunsgalery opspoor nie.

Tog is sy 'n spesialis op die gebied van aanpasbaarheid, werksetiek, kuns, musiek, simmetrie en spanwerk. Kyk na die mier om van produktiwiteit te leer. Kyk na die by om die waarde van spanwerk te besef en kyk na patrone in die ruimte en natuur – die perfekte toepassing van wiskundige verhoudings.

Wanneer die son in Januarie fel op die Menlo-bodem skyn, is dit tyd vir atletiek, krieket en swem. Namate die dae korter word en die oggende koeler, is dit tyd om die stemme op te warm, redenaarskaartjies uit te knip en vir wintersport aan te tree. Die eerste lesse oor spanwerk is vandeesweek hier geleer en alhoewel daar nog ruimte vir verbetering is, weet ons vir seker: Spanwerk halveer die moeite en verdubbel die pret. Of dit nou in 'n Wiskunde-olimpiade of op die koorbanke is, op die netbalbaan, hokkie- of rugbyveld en selfs by die redenaars – by Menlo werk ons saam, sweet ons saam en lag ons saam.

Excelsa Petamus!








## DAGBOEK

**17/3**
Hokkie: Eerstespanne seuns & dogters (Oos-Londen)
Dogtershokkie: o. 16A (St Andrews, Johannesburg)
Dogtershokkie: B- en C-spanhokkiefees (Pretoria)
Tennis: GN-liga (Senior seuns)

**18/3**
Atletiek: ASA SA aflosse
Seunshokkie: Northern's Beker

**20/3**
**Skoolvakansiedag**

**21/3**
**Menseregtedag**
Koor: Oefening (Saal, 18:00 – 20:00)

**22/3**
Gr. 8: InMenlokonsert: kleedrepetisie (Saal, 18:00 – 20:00)

**23/3**
Dogtershokkie: Garsfontein (Vriendskaplik) & o. 14A Rodean-toernooi (Johannesburg)
Tennis: GN-liga (Junior seuns)
Musiek: Soiree (Saal, 18:30)

**24/3**
**Skool sluit om 09:00**

**12/4** Skool heropen

## MENLO MA'S WAT OMGEE

*Ouers word aan die gebedsbyeenkoms, wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 968 gestuur word.*

**Teks: Kolossense 2:6-7**

"Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul."

# LEIERSKAP

## Graad 8-Parkieraad bekend

Baie geluk aan die volgende graad 8's wat vanjaar as Parkieraadslede sal diens doen:

### Dogters

Nika Botha, Tristané Schmulian, Liné de Villiers, Kayden Venter, Cara Schulz, Shani Blom, Zelia Kusel, Milan Visser, Gia Marais, Adri de Beer, Isabel Roode, Liané de Wet, Marize Viljoen, Luané Erasmus & Megan Nieman.

### Seuns

Jeremai Nel, Gustav Grosskopf, Stehan Serfontein, Conrad Ehlers, Jan-Willem Pienaar, Ethan van Dijk, Ruben Janse van Rensburg, Christiaan de Jager, Emile Calitz, Damien Venter, Tristan Engelbrecht, Luhan Hattingh, Johannes Maas & Markus de Jager.

Die Insig wens hierdie span alles van die beste toe. Baie dankie aan me. Doné Moolman en mnr. Johan Grové vir hulle leiding en insette by die Parkieraad.



# AKADEMIE

## Uitslae van hernasien bekend

Skoolverlaters het na die bekendmaking van die matriekuitslae 'n geleentheid om hulle vraestelle te laat hermerk. Die skool het die hermerkuitslae vandeesweek ontvang en daarmee saam twee en twintig nuwe onderskeidings. Baie geluk aan die volgende leerders:

| Leerder | Vak | A's |
|---|---|---|
| Pieter Beyers | Afrikaans | 6 |
| Rudolph Fourie | Geskiedenis | 2 |
| Juliet Klopper | Afrikaans | 5 |
| Albie Maree | Rekeningkunde | 3 |
| Erika Minnaar | Wiskunde | 7 |
| Zanmar Pretorius | Ekonomie | 3 |
| André Roux | Wiskunde | 5 |
| Corné Snyman | Geskiedenis | 6 |
| Lauren van Rooyen | Toerisme | 2 |
| Susan Wiese | English (HL) | 5 |
| Carlo Jv Vuuren | Wiskunde | |
| | Rekeningkunde | 4 |

| Leerder | Vak | A's |
|---|---|---|
| Beatrice du Plessis | English (HL) | 4 |
| Luca Keun | English (HL) | 7 |
| Rieze Liebenberg | Afrikaans | 5 |
| Dennis McDonald | Ekonomie | 6 |
| Karolien Palmer | Geskiedenis | 7 |
| Karla Roets | Wiskunde | 7 |
| Arno Sinovich | English (FAL) | 3 |
| Darno vd Merwe | English (FAL) | 2 |
| Joshua Welgemoed | English (HL) | 8 |
| Jaruschka Williams | English (FAL) | 2 |



# Olimpiese koors heers op Menlo-bodem

Ofskoon die Olimpiese Spele eers in 2024 plaasvind, heers daar opgewondenheid oor die Wiskunde-olimpiade wat verlede week op eie bodem plaasgevind het. Dié swaargewigkompetisie meet weliswaar nie spierkrag nie, maar toets die soepelheid van die brein deur deelnemers aan somme wat nie vir sensitiewe kykers bedoel is nie, te onderwerp. Dis 'n alombekende feit dat Parkies nie vir uitdagings terugdeins nie en die 177 deelnemers wat vir die stryd aangetree het, het hierdie stelling weereens bo alle redelike twyfel bewys.

Net soos by die ware Jakob, bestaan die Wiskunde-olimpiade uit verskeie rondes en die Insig berig vandeesweek trots oor die talle Menloparkers wat die pyp in die eerste ronde gerook het. Terselfdertyd hou ons duim vas dat hierdie klompie somfikse leerders die septer ook in die tweede ronde sal swaai. Baie geluk aan die deelnemers en die onderwysers wat die pas aangee. #BlyKalmEnVindVir*x*.

Die volgende leerders sal in die tweede ronde in aksie wees:

### Graad 8

Juliet Botha, Charlotte Jansen van Rensburg, Selie de Villiers, Carli Schutte, Aliah Smit, Lisa Reyneke, Mianke Steyn, Milan Visser, Sophia Vorster, Nicole Enslin, Mieke Verwaard, Gia Marais, Anike Burke, Lużné Erasmus, Lara van der Merwe, Mieke White, Leila Arnoldi, Alexis Niemann, Megan Prinsloo, Adri de Beer, Liané de Wet, Talia Jonker, Izak Murphy, Jeremai Nel, Karl Paul, Ethan Steenkamp, Callum Wessels, Reinhardt Buys, Jan-Willem Pienaar, Lourens du Plessis, Erich Pieterse, Kristo van der Westhuizen, Pieter Bosman, Stephanus Serfontein, Jan-Ernst Weilbach, Ruben Janse van Rensburg, Joshua Muller, Conrad Ehlers, Jamie van der Walt, Nathan Penfold en Ethan Louw.

### Graad 9

Arebell van Eck, Gené Grobler, Marco Visser, Megan Schnebel, Nicolas Pretorius, Annabel van Niekerk, Carli Brouwer, Inge Higgins, Le Roux van Wyk, Lauren Malan, Caitlin Read, Clara Serfontein, Jaimi Coertse, André Kruyshaar, Helene Vorster, Wynand Botha, Erik Senekal, Luan Visser, Xander Smit, Skye Smit en Luka Smit.

### Graad 10

Daniela Minnaar, Mikayla Smit, Nadine Gie, Naidene Bouwer, Micaela Swart, Ininke Human, Georgina Lunn, Elsje Groenewald, Selmé Beetge, Wilna Beetge, Yelena Barnard, Frederich Weilbach, Jasper Smit, Andries Beyers, Wihan Vermeulen, Ruben Swanevelder, Gerhard Mahne, Juvan Botha en Shane Grant.

### Graad 11

Carli Dicks, Danièlle de Wet, Hayley Booysen, Bianca Schmulian, Cari Billman, Lelize van der Walt, Nadene Roux, Ruben van Biljon, Christiaan Moodie, David van Niekerk, Ernst Kromhout, Juan le Roux, Rudolph Jordaan, Ewald Meyer en Cobus Nel.

### Graad 12

Rijanli Oerlemans, Sheliza de Wet, Mikal Venter, Kiara Geldenhuys, Lamari Wagener, Lilan Swanepoel, Cari Bellingan, Marieta van der Walt, Luca du Plessis, Regardt van Biljon, Helgard Oosthuizen, Eras Schutte, Rayhan Onaceur en Dannhauser van der Merwe.

Sterkte aan al hierdie wiskundiges wat hulle soektog na *x* op 11 Mei voortsit.



# REDENAARS

## Sê nou bly 'n lekker sê

Menlo se voorste praters het hulle sê verlede week by die Van Huyssteens Oratorsfees oor allerhande aktuele onderwerpe gesê. Honderde redenaars van skole reg oor Pretoria en Centurion het vir die onvoorbereide redenaarskompetisie waar redenaars in spanne óf individueel kan inskryf, aangetree. Wat die kompetisie selfs meer uniek maak, is die feit dat redenaars hulle sê in een van drie afdelings kan sê: Afrikaans, English of tweetalig.





Baie geluk aan die Parkies wat na die finaal deurgedring het, asook aan die Afrikaans- en English-onderwysers wat die redenaars onder hulle vlerk geneem het.

**Afrikaans: Individueel**

Luané Erasmus, Riaan Knoesen, Megan Johnson & Milandri Schutte

**Afrikaans: Span**

Graad 10's: Nina Schomper, Nikita van der Westhuizen, Elzette Fouche & Danielle Muller

**English: Individual**

Le Roux van Wyk

**English: Teams**

Grade 9: Luan Visser, Lente Swanepoel, Margot Lortan & Clara Serfontein

Grade 10: Jesse Pretorius, Bernice Bosch, Isabeau van Helsdingen & Georgina Lunn

Grade 12: Bernu Pieters, Adriaan Venter, Reghardt van Biljon en Michal Oosthuizen

**Tweetalig: Individueel**

Leané de Wet, Lana Langeveldt & Sheliza de Wet

**Algehele wenners:**

Megan Johnson, Milandri Schutte, Le Roux van Wyk & Grade 12 Team (Bernu Pieters, Adriaan, Reghardt van Biljon en Michal Oosthuizen)

# WINTERSPORT

## Mooi so, Menlo!

Die spykerskoene is vir eers weggepak en die eerste doele op die netbalbaan, hokkie- en rugbyveld is aangeteken. Baie geluk aan die wintersportspanne wat 'n fel aanslag van Hoërskool Transvalia afgeweer het. Baie dankie aan die ondersteuners, afrigters en organiseerders. Die Insig sien daarna uit om oor die spanne se vordering gedurende die seisoen te berig.

### Netbal: Lig en rol!

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| o. 19 A: 44-7 | o. 19 B: 52-0 | o. 17 A: 39-10 | o. 17 B: 33-1 | o. 16 A: 18-15 |
| o. 16 B: 18-7 | o. 15 A: 28-6 | o. 15 B: 32-6 | o. 15 C: 39-3 | o. 15 D: 27-0 |
| o. 14 A: 24-12 | o. 14 B: 21-19 | o. 14 C: 14-9 | o. 14 D: 5-11 | |

### Rugby: Pale toe!

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Eerstespan: 22-13 | Tweedespan: 16-5 | Derdespan: 12-0 | o. 16A: 24-17 | o. 16B: 15-12 |
| o. 15A: 10-19 | o. 15B: 7-26 | o. 14A: 17-0 | o. 14B: 5-19 | o. 14C: 5-39 |











### Hokkie: Ditsem, Menlo!

**Seunshokkie vs. Garsfontein**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| o. 14A: 0-3 | o. 14B: 1-5 | o. 16A: 0-1 | o. 16B: 2-1 | o. 16C: 4-0 |
| Tweedespan: 0-0 | Eerstespan: 0-1 | | | |

**Seunshokkie vs. Transvalia**

| | | |
|---|---|---|
| o. 16A: 10-0 | o. 16B: 9-0 | Eerstes: 4-0 |

**Dogtershokkie: Rondomtalie (St Mary's & Garsfontein)**

| | |
|---|---|
| o. 14C vs. St Mary's o. 14A: 0-1 | o. 14C vs. Garsfontein o. 15C: 3-0 |
| o. 15C vs. Garsfontein o. 15C: 1-0 | o. 16B vs. St Mary's Eerstes: 0-2 |
| o. 16C vs. Garsfontein o. 16C: 0-0 | o. 16C vs. St Mary's o. 16A: 0-3 |
| Tweedespan vs. St Mary's Eerstes: 1-0 | Tweedespan vs. Garsfontein Derdes: 1-0 |
| Derdespan vs. St Mary's: 1-1 | Vierdespan vs. St Mary's Tweedes: 2-0 |
| Vierdespan vs. Garsfontein o. 16B: 1-2 | |

**Dogtershokkie vs. Transvalia**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| o. 14A: 4-0 | o. 14B: 7-0 | o. 15A: 1-1 | o. 15B: 11-0 | o. 16A: 9-1 |
| Derdes: 7-0 | Tweedes: 6-0 | Eerstes: 2-1 | | |

**Die Insig rig graag 'n versoek aan ouers om asseblief hulle wintersportfoto's na bemarking@menlopark.co.za te stuur.**

# ATLETIEK

## Menlo-atlete: witwarm by AGN-kampioenskap

Die atletiekseisoen nader die pylvak. Baie geluk aan die Menlo-medaljewenners by die pas afgelope AGN-kampioenskap. Baie dankie aan die afrigters en in die besonder aan me. Lelanie van Wyk en mnr. JJ Smith vir hulle insette.

### Goud

| | | | |
|---|---|---|---|
| Merlé Jv Rensburg | o. 16 Diskus | Chris Swanepoel | o. 16 Diskus & Gewigstoot |
| Alicia Khunou | o. 18 Diskus & Gewigstoot | Anika de Klerk | o. 20 Driesprong |
| Liné de Villiers | o. 16 300 m-hekkies | Werner Bezuidenhout | o. 18 100 m & 110 m-hekkies |
| Minette Boshoff | o. 18 Paalspring | Taelyn Smith | o. 16 Hoogspring |
| Megan Nieman | o. 16 90 m-hekkies | Rachel Schwulst | o. 16 800 m |
| Colene Scheepers | o. 18 400 m | Rolandt Grosskopf | o. 18 200 m |
| Katelynn Blokpoel | o. 16 Spiesgooi | Chaliz Welgemoed | o. 20 Spiesgooi |

### Silwer

| | | | |
|---|---|---|---|
| Joshua Gerber | o. 16 Diskus | Chirsté Loedolff | o. 18 Diskus |
| Leon Stoltz | o. 16 1 500 m-hindernis | Erasel Boer | o. 20 100 m-hekkies |
| Mia Uys | o. 20 Verspring | Anri Bisschoff | o. 16 Hoogspring |
| Mart-Mari Jordaan | o. 18 5 000 m | Rachel Schwulst | o. 16 1 500 m |
| Colene Scheepers | o. 18 100 m & 200 m | Annika Kloppers | o. 16 Spiesgooi |
| Aidan Erasmus | o. 18 Gewigstoot | | |

### Brons

| | | | |
|---|---|---|---|
| Erik Senekal | o. 16 Diskus | Merlé Jv Rensburg | o. 16 Gewigstoot |
| Joshua Gerber | o. 16 Gewigstoot | Marisa van den Berg | o. 18 Verspring |
| Anika de Klerk | o. 20 Verspring | Charné du Plessis | o. 18 100 m-hekkies |
| Jackie Coertze | o. 20 5 000 m | JM Maritz | o. 16 3 000 m |
| Kaitlyn van Rooyen | o. 16 1 500 m | Llewellyn van Heerden | o. 16 400 m |
| Liné de Villiers | o. 16 400 m | Kathleen van Rooyen | o. 16 100 m |













# SWEM

## Menlo-swemmers ry golwe by nasionale oopwaterkampioenskap

Baie geluk aan die swemmers wat verlede naweek aan SA Aquatics se oopwaterswemkampioenskap in Jeffreysbaai deelgeneem het.

| | |
|---|---|
| Jeandré Kleynhans | 5de in die 10 km; 3de in die 5 km; 3de in die 4x1500 m-aflos (ope kategorie). |
| Kayla Kleynhans | 5de in die 3 km (in haar ouderdomsgroep). |
| Karla Myburgh | 2de in die 3 km (in haar ouderdomsgroep) en 5de algeheel (slegs 21 sekondes na algehele wenner); 3de in die 10 km (in haar ouderdomsgroep) en 10de algeheel. |
| Keila Manthe | 5de in die 7,5 km en 20ste in die 5 km. |
| Christiaan Bornman | 6de in die 3 km. |



# GIMNASIUM

## Hier word kopskuiwe gemaak om spiere te bou

*"If something stands between you and your success, move it."*
Dwayne, *The Rock,* Johnson

Die Hoërskool Menlopark is sinoniem met balans. Dit is hierdie holistiese benadering wat daartoe gelei het dat die eerste gimnasium reeds in 1982 in gebruik geneem is. Bykans veertig jaar later strewe die Parkies steeds na gebalanseerde deelname en is dit een van die hoofredes vir die opgradering van die gimnasium.

Die lekkerste deel van sport is steeds om saam te werk, saam te sweet en saam te lag, maar die manier om hierdie doel te bereik, is deesdae baie meer wetenskaplik as in 1982. Excelsa Petamus is nie net ons akademiese kompas nie, maar rig die Parkies se optrede op alle terreine. Die skool se visie – om te verseker dat die Parkies hulle fiksheid en vaardighede by 'n wêreldklasfasiliteit kan slyp – is vandeesweek, met die bekendstelling van die kraaknuwe gimnasium, een stappie nader aan die werklikheid. Die nuwe gimnasium en rehabilitasiesentrum sal verseker dat alle Parkies – van fietsryers en skaakspelers tot rugbyspelers en landlopers – slaggereed is wanneer hulle die opponente die stryd op die sportveld aansê.

Baie dankie aan die beheerliggaam, mnr. Geldenhuys en almal wat by hierdie projek betrokke was. Julle toewyding en passie kan duidelik in die eindproduk waargeneem word.

Die Parkies sal in die nabye toekoms meer inligting oor die gimnasium ontvang – hou hierdie spasie dop. Daar is weinig wat tussen 'n Parkie en sukses staan en die gimnasium sal verseker dat almal die spierkrag het om hindernisse uit die pad te rol.





# PERDRY

## Menlo-perdesport op galop

Sanesa se eerste skou is verlede naweek afgehandel en die Menlo-ruiters het die rosette op 'n drafstap ingeryg. Die Insig deel graag die name van die ruiters wat eerste plekke behaal het. Hartlik geluk!

**Vlak 1**

Amonè Fourie — Performance riding & Working riding

Inge Higgins — Dressage

**Vlak 3**

Mirabelle Neveling — Dressage

**Vlak 4**

Zianè van den Berg — Jumping

**Vlak 5**

Mirabelle Neveling — Working riding

















# SPOG



## Tripelgoud vir ratse Parkie

Miché du Plessis (gr. 8) is 'n ratse meisie wat weet hoe om die aanslag van opponente af te weer. Die Insig wens graag vir Miché geluk met haar prestasies by SAKA/WAKO se Great North I Kickboxing byeenkoms in Pretoria. Miché het die volgende prestasies behaal: Semikontak: Goud

Ligte kontak: Goud      "Low kick": Goud




## Nasionale sierskaatskampioen is 'n Parkie

Tristané Schmulian, gr. 8, is pas as die nasionale sierskaatskampioen in die Pre-Novice High Performance-afdeling gekroon. Menlo is trots op hierdie voortreflike prestasie en hou Tristané se loopbaan as sierskaatser met belangstelling dop. Welgedaan!

# MMA

# MENLO-MUURBAL-AKADEMIE (MMA)

## LOOTJIEVERKOPE
## R50.00 PER LOOTJIE

### SLUITINGSDATUM: 17 MAART 2023

# WEN!! WEN!! WEN!!

## PRYSE:

- Skiet van 'n blesbokram by CARLSRUHE WILDRESERVAAT net buite Cullinan
- DUNLOP muurbalraket en sak
- R1 500 se geskenkbewys van NGUNI MOON - lekker, kwaliteit vleisprodukte
- SPORTMANS WAREHOUSE-geskenkbewyse
- BABYLONSTOREN-geskenkmandjies
- ROOMYSKOEK geborg deur House of Ice Cream, Olympus
- Geskenkbewyse van NIX AESTHETIC STUDIO vir "Hydration Cleanse with Lash Tint, Brow Tint and Brow Shape" ter waarde van R700
- "Swedish Back, Neck, Shoulder and Scalp Massage" ter waarde van R300

PARKIEBAL / MATRIEKAFSKEIDPAKKET

- Geskenkbewys ter waarde van R400 van ODETTE WILL HAIR & MAKEUP
- "Express Medi Pedi with Gel Toe Overlay" ter waarde van R450 van Nix Aesthetic Studio
- SORBET-geskenkbewys vir "Hands Gel Polish Power" ter waarde van R500

En nog vele meer ...




VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA

WORLD OF SQUASH
MENLO-MUURBAL-AKADEMIE


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Klerebank vir skoolklere met karakter
Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Klerebank vir sportklere met karakter
Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 – 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 14:00 – 15:00
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-
WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8
Maandae
Graad 9
Dinsdae
Graad 10
Woensdae
Graad 11 & 12
Donderdae


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Pak jou piekniekmandjie en kom ontspan saam met Menlo-musiek by die
Menlo-
soirée
Datum
Donderdag 23 Maart
Tyd
18:30
Plek
Menlo-skoolsaal
Kaartjies beskikbaar by Menlo-ontvangs @ R50

# MARKPLEIN
















**Huis te huur:** Sharon van Staden (0826517581)

Wilgers x 9 / vier slaapkamers / 2,5 badkamers / groot kombuis, sitkamer en eetkamer / bediendekamer met toilet en wasbak / aparte opwaskamer en spens / onderdakstoep en tuin met besproeiing / naby skole, winkelsentrum en hospitaal geleë (beperkte beurtkrag) / gasstoof en -storte / residensieel of moontlikheid van kantore/ spreekkamers met genoeg parkering / alarm gekoppel aan Comsafe / R 16 500 per maand.


Methodist Homes
Providing affordable, secure and caring accommodation and services to the elderly
Methodist Homes
Queenswood
OPEN DAY
SATURDAY 25 MARCH 2023
STARTING 9AM TILL 3PM
JOIN THE FAMILY
Live entertainment
Viewing of Units.
Meet and Greet.
Secure your Tomorrow.
Wrinkles will only go
Where the
Smiles
Have been.
Our residents. Our Family. Our Passion.
CONTACT US :
012 391 2700
www.mha.co.za
3 Briscoe Lane, Queenswood, Pretoria
SEND YOUR INFO :
QWS.INFO@MHA.CO.ZA
Our residents. Our Family. Our Passion.
The Choice of Generations


overkruin
uitrusters·outfitters
School Wear • Sports Wear • Work Wear
Pretoria Noord Tak
h/v Emily Hobhouse & Rachel de Beer straat
Tel: (012) 546 5718
Epos: sales@overkruinuitrusters.co.za
Spesiale Aanbod
(Skooldrag vanaf 1 Maart 2023)
Blazer 78 - 86 = R725.00
87 - 97 = R750.00
102 - 112 = R795.00
117 - 127 = R835.00
Seuns Grys Kortmouhemp (das)
34 - 38 = R225.00
39 - 43 = R235.00
44 - 50 = R245.00
Das R275.00
Skoolrok
10 - 11 = R575.00
12 - 16 = R615.00
17 - 20 = R655.00
Moulose Trui met wapen
32 - 34 = R295.00
36 - 40 = R315.00
42 - 46 = R335.00
Winter romp
66 - 74 = R305.00
76 - 84 = R325.00
86 - 92 = R345.00
Amptelike verskaffer aan Menlopark Hoërskool
Kontant vrye perseel


PASSIESPEL 2023
Kom "sien" die evangelie
21-23 MAART | 18:00
LYNNWOODRIF OUDITORIUM
269 LANCIA STRAAT
Gratis toegang
KITSKOS SAL ELKE AAND VANAF 17:00 TE KOOP WEES
NAVRAE 082 904 3388
DONASIES WELKOM
Kom na My toe
LYNNWOODRIF GEMEENTE